

# 3

## ABRAM

### God roep ons en ons moet Hom vertrou

#### ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet besef God roep mense en stuur hulle om sy werk te gaan doen.

#### SPESIFIEKE DOELSTELLING

##### Kennis

Die kinders moet weet God roep Abram om vir Hom te gaan werk.

##### Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om respek te toon deur God te gehoorsaam.

##### Vaardigheid

- Die kinders moet –
  - kan onderskei wanneer dit God is wat ons roep en stuur.
  - na God luister en sy opdragte uitvoer.

#### MEER INLIGTING (Genesis 12; 1 Samuel 3; Jesaja 41; Matteus 4; Handeling 9)

God het die hele wêreld met die groot vloed vernietig. Net Noag en sy familie is gespaar. Na Noag dood is, het God 'n man met die naam Abram geroep. Abram het in 'n stad gebly waar die mense nie vir God geken het nie. In Abram se tyd was 'n stad 'n veilige plek. Buite die mure van die stad was dit gevaarlik. Skelms en wilde diere kon 'n mens buite die stad aanval. Buite die stad was daar nie plekke om kos te koop nie. As Abram besluit om God te volg, beteken dit dat hy sy familie en vriende moet verlaat.

Abram het besluit om sy familie en vriende in die stad te verlaat en te gaan waarheen God hom stuur. Hy, sy vrou Sarai en sy broer se seun, Lot, en al sy slawe het weggetrek uit Haran. Abram het besef dat hy nou op die Here moet vertrou om buite die stad vir hom te sorg. Hy het op 'n reis gegaan na 'n ver en vreemde land. God het hom na die land Kanaän toe gestuur. Op reis na Kanaän, het God vir hom gesorg.

God maak 'n nuwe begin met mense. As God mense roep, roep Hy hulle met 'n doel. Hy wil hê dat mense moet erken dat Hy die Koning is wat oor hul lewens regeer en vir hulle sorg. As Hy roep, wil Hy hê dat ons na Hom moet luister.

Dit is nie ons wat vir God kies en na Hom roep nie. God roep eerste na ons. Ons antwoord op sy roepstem deur in Hom te glo en Hom te volg en te gaan waarheen Hy ons stuur.

## **AANBIEDING**

### **KOM ONS BEGIN**

Open met 'n kort gebed. Vra die Here om ons te lei sodat ons Hom sal volg as Hy ons roep, en dat ons Hom met ons lewens sal vertrou.

### **HET HULLE ONTHOU?**

- Vind uit –
  - watter kinders saam met hul ouers die plaaslike kwekery besoek het.
  - of hulle 'n paar van die bome of struike se name kan onthou.
  - of hulle die blomme van die prent in hul boeke by die kwekery gesien het en wat die naam daarvan is.
  - wie 'n kisse met saailinge gekoop en saam met hul ouers die saailinge in hul tuin gaan plant het.
- Laat 'n paar kinders die teksvers opsê:  
*In die begin het God die hemel en die aarde geskep. (Genesis 1: 1)*

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

### **IETS INTERESSANT**

Lees Genesis 12: 1-3 saam.

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel hoe Abram geroep is.

As Ma of Pa roep, luister jy gewoonlik dadelik. Miskien wil hulle iets belangrik vir jou sê. Abram het ook na God geluister en uit die veilige stad weggetrek en na 'n onbekende plek gegaan. Die Here het 'n groot belofte aan Abram gemaak. Abram het die Here vertrou. Hulle het in 'n *verhouding* met mekaar gelewe. Dit is soos om vriende te wees. Vriende gesels met mekaar, kuier by mekaar, doen dinge saam en het mekaar lief. So moet ons verhouding met God ook wees. Hy het ons altyd lief. Daarom kan ons en God met mekaar gesels wanneer ons Bybel lees, bid, kategese bywoon en kerk toe te gaan.

Net soos Abram wat veilig in die stad gewoon het en die onbekende moet ingaan, moet ons ook partykeer nuwe, vreemde dinge aanpak. Ons trek dalk, ons gaan na 'n nuwe skool toe, of Pappa of Mamma trou weer. Ons is dalk bang vir iets by die skool – 'n nuwe onderwyser, 'n toets of eksamen, of rugbyproeue. Op vreemde plekke en in onseker tye moet ons God vra om ons te help. Hy het Abram in die vreemde gehelp, daarom kan ons Hom vertrou dat Hy ons ook sal help. Watter wonderlike versekering is dit!

## IETS BELANGRIK

Skerp die volgende in:

- God wil graag hê dat ons na Hom sal luister en met Hom sal praat.
- Ons sê ons kommunikeer met mekaar as ons na mekaar luister en met mekaar praat.
- Ons en God kommunikeer as ons die Bybel lees en bid – ons “hoor sy stem” uit die Bybel en Hy hoor as ons bid, sing en belydenis doen.
- Ons moet gehoorsaam wees en God vertrou as Hy met ons praat.
- Ons is gehoorsaam as ons die regte en goeie dinge doen wat Hy ons leer.
- Ons moet daarna streef om meer en meer van die Here te leer.
- Ons kan in nuwe en moeilike omstandighede altyd op die Here vertrou.

## IETS OM TE DOEN

Laat die kinders die blokkiesraaisel in hul boeke invul.

<sup>7</sup> S									<sup>8</sup> D				
<sup>1</sup> A	B	R	A	M			<sup>2</sup> V	E	R	B	O	N	D
R									I				<sup>9</sup> G
A		<sup>3</sup> A	B	I	M	E	<sup>10</sup> L	E	K				E
I								O					L
								T					O
													W
<sup>11</sup> O									<sup>12</sup> H				I
F			<sup>4</sup> I	S	M	A	E	L					G
F								G					E
E								A					S
<sup>5</sup> R	A	M			<sup>6</sup> S	T	E	R	F				

### Dwars

1. Abraham se naam was eers ... (Genesis 17: 5)
2. God het 'n .... met Abraham gesluit dat hy 'n groot nageslag sal hê. (Genesis 17: 4)
3. By wie het Abraham gekla oor die waterput wat dié man se slawe afgevat het? (Genesis 21: 25)
4. Wat was die naam van Abraham se oudste seun? (Genesis 16: 15)
5. Watter dier het die Here voorsien om in die plek van Abraham se seun geoffer te word? (Genesis 22: 13)
6. Abraham was 175 jaar oud toe hy ....

## **Af**

7. Abraham se vrou se naam was eers ... (Genesis 12: 5)
8. Hoeveel hemelse besoekers het by Abraham aangekom? (Genesis 18: 2)
9. Abraham staan ook bekend as *Die vader van die...* (Galasiërs 3: 7)
10. Wie het saam met Abraham getrek? (Genesis 12: 4)
11. Abraham het opdrag van God gekry om Isak te gaan ...
12. Ismael se ma se naam was ... (Genesis 16: 15)

## **BY DIE HUIS**

### **Doen**

- Die kinders moet vir hul ouers gaan vertel hoe ons met die Here kommunikeer. (Verduidelik dat kommunikasie beteken om met mekaar te praat en by mekaar te kuier. God praat met ons deur die Bybel en ons praat met Hom as ons bid, sing en belydenis doen.)
- Hulle moet ook vir hul ouers gaan vertel as hulle soos Abram besluit het om aan die Here gehoorsaam te wees. Hulle moet ook sê hoe hulle dit gaan doen.

### **Leer**

- Laat hulle die volgende feite gaan leer:
  - God wil graag hê dat ons na Hom sal luister en met Hom sal praat.
  - Ons en God praat met mekaar as ons die Bybel lees en bid – ons “hoor sy stem” uit die Bybel en Hy hoor as ons bid, sing en belydenis doen.
  - Ons moet gehoorsaam wees en God *vertrou* as Hy met ons praat.
  - Ons is gehoorsaam as ons die regte en goeie dinge doen wat Hy ons leer.
  - Ons moet daarna streef om meer en meer van die Here te leer.
  - Ons kan in nuwe en moeilike omstandighede altyd op die Here *vertrou*.
- Laat hulle die volgende teks memoriseer:

*In jou sal alle volke geseën wees. (Genesis 12: 3b)*

## **BELANGRIK**

Aangesien volgende week 'n faseles is, moet vooraf gereël word watter kategeet of kategete die klas gaan aanbied.

## **AFSLUITING**

Laat een van die kinders Gesang 497: 1 as gebed voorlees.

*Ek is u kind, U roep my, Heer,  
om U te loof en eer.  
U wil dat ek 'n loflied sing;  
my hulde aan U bring.  
Amen.*